Preeknotas vir Vrydag 19 September 2008.
Tema : Kom van die trapmeul af

Skriflesing Romeine 11 [33]O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! [34]"Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? [35]Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" [36]Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.
Romeine12 [1] En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. [2]Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. [EK vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer—dit is julle redelike godsdiens. 2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. 1953 Vertaling] [3]Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. [4]Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. [5]Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. [6]Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. [7]As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. [8]As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Inleidend Baie mense beleef dat hulle oor en oor dieselfde sondes bely maar nooit deurbrake kry nie. Hulle voel of hulle geestelike lewe op 'n trapmeul uitgeleef word. Daar is geen vooruitgang nie. Hoe hou ek op om 'n trapmeul loper te wees?

Paulus in ons teksgedeelte bied 'n antwoord wat baie kragtig is.

1. **Bely daagliks** die grootheid van God se ontferming. Paulus jubel oor God se onlogiese optrede. Hy is in verwondering daaroor. God tree so totaal anders op as wat ons sou verwag (Rom 11:33-36). God se onlogiese manier het tot gevolg dat ek onder nuwe heerskappy staan (Rom 6:11). Dood beteken verwydering/skeiding. Dood vir sonde, lewend vir God. Daagliks moet ons dit bely. Die grootheid van God se ontferming
2. **Gee jou self volkome**. Dis die logiese van jou godsdiens Eugene Peterson in die Message: "Take your everyday, ordinary life--your sleeping, eating, going-to-work, and walking-around life--and place it before God as an offering." My hoof, hart en hande. Vgl ook Rom 6:13 " ..maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God." Voorbeeld van iemand wat gevang is dat hy steel. Vir die regter gesê dat dit nie hy was nie, dit was sy hand wat gesteel het.
3. **Vermy wêreld gelykvormigheid**. Die skema van die wêreld of die kultuur van ons tyd sluit aan by ons behoeftes van sin en betekenis , sekuriteit en aanvaarding. Die skema van die wêreld sê dis hoe jy dit bevredig:
    a. Prestasie en bekwaamheid = sin en betekenis
    b. Status en erkenning = sekuriteit } vals
    c. Voorkoms en bewondering = aanvaarding
4. **Laat God jou denke** vernuwe. Julle sal die waarheid ken en die waarheid sal jou vrymaak.(Joh 8:32) Gees van waarheid. Woord. Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar Jak 5:16
5. **Raak betrokke by gemeenskap**